

23 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 1:1-4; Handeling 1:1-8
Fokusgedeelte: Handeling 1:1 (OAV)
HK, Vraag 54

“Kerk” is ’n werkwoord

Daar is mense wat die kerk vandag – uiters negatief! – beskryf as die “samevatting van alle frustrasies”. Wat glo jy self in hierdie tyd oor die kerk? Dit is die vraag wat nou op jǒú afkom!

Wél, as jy die Kategismusanwoord lees kan jy met die eerste oogopslag dalk ’n bietjie verbaas wees. Jy sien, as die Kategismus oor die kerk praat, beskryf hy nie ’n “ding”, ’n iets, ’n instelling nie. Hy praat in werkwoorde. Die kerk is in die heel eerste plek wat die Seun van God dóén! Uit die hele mensegeslag vergader, beskerm en bewaar die Seun van God begenadigde, uitverkore mense. In Handeling 1:1 sê Lukas, die skrywer, geïnspireer deur die Heilige Gees, dat sy eerste boek (die Lukasevangelie) handel oor alles wat Jesus begin doen en leer het – tot by sy hemelvaart.

Die boek Handeling handel oor alles wat Jesus uit die hemel deur sy Gees en Woord vóórtgaan om te doen en te leer. Hy vergader, beskerm en bewaar sy kerk uit die hemel deur sy Gees en Woord. Dit is waarvan die hele boek Handeling vertel. Ná Handeling gaan hierdie aktiwiteite van die verhoogde Christus nog voort, tot aan die einde van die aarde, en tot aan die einde van hierdie bedeling. Ons as lewende lede van die kerk is deur die eeue heen uit genade opgeneem in hierdie beweging van Christus. Gee jy jou deur die Heilige Gees van harte oor om waarlik só in hierdie kerkhandeling van Christus aktief te wees? Of is jy miskien ’n “remskoen” daarin? ’n Dooie ledemaat van ’n lewende, handelende Hoof? Dan bely jy mos nét op papier!

Dr. PP Kruger (Meyerspark)

~~~~~